kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** "Ons is nie almal so nie." Wat is die **teenoorgestelde van hovaardigheid?**

**Skriflesing: Lukas 18:9-14**

## Broodjies vir die pad

"Tradition means giving votes to the most obscure of all classes, our ancestors. It is the democracy of the dead. Tradition refuses to submit to the small and arrogant oligarchy of those who merely happen to be walking about."
— G.K. Chesterton, Orthodoxy

"The salvation of this human world lies nowhere else than in the human heart, in the human power to reflect, in human meekness and human responsibility."
— Vaclav Havel

"Gentle Jesus, meek and mild' is a snivelling modern invention, with no warrant in the gospels."
— George Bernard Shaw

"When God wants to sort out the world, as the Beatitudes in the Sermon on the Mount make clear, he doesn't send in the tanks. He sends in the meek, the broken, the justice hungry, the peacemakers, the pure-hearted and so on."
— N.T. Wright, The Challenge of Jesus: Rediscovering Who Jesus Was and Is

"You can survive on your own; you can grow strong on your own; you can prevail on your own; but you cannot become human on your own."
— Frederick Buechner, The Sacred Journey: A Memoir of Early Days

"The man who said, "Blessed is he that expecteth nothing, for he shall not be disappointed," put the eulogy quite inadequately and even falsely. The truth "Blessed is he that expecteth nothing, for he shall be gloriously surprised." The man who expects nothing sees redder roses than common men can see, and greener grass, and a more startling sun. Blessed is he that expecteth nothing, for he shall possess the cities and the mountains; blessed is the meek, for he shall inhereit the earth. Until we realize that things might not be we cannot realize that things are."
— G.K. Chesterton, Heretics

**Negester en Stedelig**

Terwyl die Negesterre en die stedeligte witter
in die donker suidelike nagte óm ons skitter,
slaap jy nog weg in nag en swye
langs mos en varings van eertye:
'n see-anemoon waar geel spirale
lig deur water in jou van 'n Oerson daal,
daal in jou slaap; jy roer,
'n vis teen riet en maan se perlemoer;
jy sluimer in 'n tonnel van die kuil –
'n otter in nat holtes nog verskuil;
dan stort jy skielik uit as mens, besitter
van die Negester en stedelig se skitter.

Saans as die rye ligte langs die strate brand
sal jy met wye oë en met kleine hand
vir my bedui en stotterend sê
hoe groot houttolle kabels in diep slote lê;
partymaal sal jy by my tafel neul
om na die sirkus of die mallemeul
te gaan; en vaster om jou groei bioskope,
fabrieke, speurverhale en mynhope;
saans sal die stad se ligte witter
in jou donker siel bly skitter.

Watter kaart of watter ster sal ek jou wys
om veilig deur die grysland heen te reis?
Sal ek van 'n God praat wat verdoem,
van Christus, en die Tien Gebooie noem?
Voorlopig dan, maar onthou altyd
aan jou dade grens 'n ewigheid;
gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen,
besef jy is 'n vegter weer van die begin, alleen;
en mag die Suiderkruis en Negesterre witter
as die stedeligte in jou siel bly skitter.

*D.J. Opperman*

"It's an universal law-- intolerance is the first sign of an inadequate education. An ill-educated person behaves with arrogant impatience, whereas truly profound education breeds humility."
— Aleksandr I. Solzhenitsyn

"One of the first things that strikes us about the men and women in Scripture is that they were disappointingly non-heroic. We do not find splendid moral examples. We do not find impeccably virtuous models. That always comes as a shock to newcomers to Scripture: Abraham lied; Jacob cheated; Moses murdered and complained; David committed adultery; Peter blasphemed."
— Eugene H. Peterson, Run with the Horses: The Quest for Life at Its Best

"What is a saint? A saint is someone who has achieved a remote human possibility. It is impossible to say what that

possibility is. I think it has something to do with the energy of love. Contact with this energy results in the exercise of a kind of balance in the chaos of existence. A saint does not dissolve the chaos; if he did the world would have changed long ago. I do not think that a saint dissolves the chaos even for himself, for there is something arrogant and warlike in the notion of a man setting the universe in order. It is a kind of balance that is his glory. He rides the drifts like an escaped ski. His course is a caress of the hill. His track is a drawing of the snow in a moment of its particular arrangement with wind and rock. Something in him so loves the world that he gives himself to the laws of gravity and chance. Far from flying with the angels, he traces with the fidelity of a seismograph needle the state of the solid bloody landscape."
— Leonard Cohen, Beautiful Losers

## Om Anton Lubowski te onthou

*Leslie van Rooi*

Justice Bekebeke was vanjaar die spreker by die Anton Lubowski-gedenklesing en die paneel, bestaande uit prof. Thuli Madonsela en Moeletsi Mbeki, gelei deur Max du Preez, het ons gehelp om terug te kyk na die lewe van Lubowski en ook waar ons vandag as jong demokrasie is. Die lesing was gelyk swaar en lig, lig en donker. Maar dit het ons tog gehelp om verder te sien as wat ons normaalweg sou.

Die lesing en lewe van Lubowski hou vir my iets besonders in. Lubowski se invloed op die geskiedenis van my geboortedorp, Upington, en sy rol in die Universiteit Stellenbosch se koshuis waarby ek betrokke is, Simonsberg, maak dat ons paaie kruis sonder dat ons ooit ontmoet het. Om van hom te lees en te leer en om die tragedie van sy dood in die oë van sy vrou en kinders te sien, kan geen mens onaangeraak laat nie.

Wat sy dood nog ondraagliker maak is dat nie al die feite van sy moord op die tafel is nie. Dus word die pyn vererger omdat daar nie behoorlike afsluiting kan kom nie. Hoe tragies.

En dit is juis wat die boorling van Upington, Bekebeke beklemtoon het. Bekebeke, self 'n lid van die Upington 26, het ons hierdie jaar gehelp om eerstehands te verstaan wat presies Lubowski beteken het vir die lede van dié groep.

Die Upington 26 is destyds op 20 November 1985 in hegtenis geneem weens die moord op Lucas (Jetta) Sethwala, 'n munisipale polisieman, in Paballelo, Upington. Veertien van die 26, onder wie Bekebeke, het die doodstraf gekry en was twee jaar in die dodesel voordat hul vonnis na tronkstraf verander is. Bekebeke is in 1992 as 'n politieke gevangene vrygelaat en het later amnestie gekry vir die moord op Sethwala.

Die groep, wat na hul inhegtenisname sonder hoop was, het in Lubowski – wat as advokaat deel van hul regspan was – iemand gevind wat menslikheid teenoor hulle openbaar het.

En uiteindelik kon die groep terdoodveroordeeldes in en deur hierdie menslikheid 'n nuwe bestel en lewe binnestap.

Maar vanjaar se lesing was ook op 'n ander vlak ánders. Weens die skedulering van die lesing, wat in samewerking met Lubowski se twee US-tuistes – die regsfakulteit en Simonsberg-koshuis aangebied word, – kon 'n paar huiskomiteelede van die koshuis ook aan die gesprek deelneem. Vir baie van hulle was dit die eerste keer dat hulle die naam Anton Lubowski gehoor het.

Die groepie jong leiers was oorweldig deur die storie, veral deur die vertellings van Mbeki en Du Preez. Ná die lesing kon hulle ook verder met die Lubowski-familie gesels en so meer leer oor Lubowski as méns, student en aktivis.

Saam is daar besin oor die tragiek van Suid-Afrika se storie soos dit ook tans uitspeel – dit, terwyl die kragopwekkers weens beurtkrag op die kampus dreun.

Maar daar is nog méér. Tydens 'n refleksie om die huiskomitee se tafel het baie van die groep aangedui dat dit die eerste keer was dat van hulle eerstehands kon hoor wat die uitwerking van die onmenslike stelsel van apartheid op gewone mense was.

Dat hulle daar en saam met die familie, paneel en ander gaste kon wees, het hulle gehelp om iets van die land se storie beter te verstaan. Beter as wat dit in 'n handboek beskryf kon word. Tyd sal leer hoe hierdie jong leiers se eie paaie loop.

In Windhoek, Lubowski se hinterland, en in Upington is daar strate na hom vernoem. In Windhoek verwys die straat na die rol wat hy gespeel het om grense af te breek en nuwe moontlikhede te bou. In Upington kruis Anton Lubowskistraat met Upington 26-straat. En neem Anton Lubowskistraat jou vanaf Upington tot in Namibië.

Wat 'n kragtige en spesiale beeld is dit nie.

** Dr. Van Rooi is die senior direkteur: sosiale impak en transformasie aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/leslie-van-rooi-om-anton-lubowski-te-onthou-20221008

## Brood vir die pad

### Ons moenie in 'nowhen' vir hede wegkruip

*RRV*

In sy nuwe boek *How to Inhabit Time* wys die Amerikaanse teoloog James K.A. Smith daarop dat net soos ons moet onthou ons is sterflik (waaraan die Latynse spreuk *memento mori* uitdrukking gee) ons ook moet onthou ons leef in die tyd – *memento tempori*.

Ons moet dus waak teen die illusie dat ons bó die tyd leef, in 'n sfeer onaangeraak deur tyd en geskiedenis, in wat Smith nie 'n "nowhere" nie, maar 'n "nowhen" noem.

Van hierdie "nowhen" meen ons dan maklik ons lewe, en ook ons geestelike lewe, word deur tydlose beginsels, onveranderlike oortuigings en ewige idees geregeer, onbewus van hoe ons bestaan gestempel word deur die feit dat ons ín die tyd leef.

Die gedagte laat ons met die belangrike vraag hoe ons in die tyd leef. In hierdie verband waarsku Smith veral teen 'n soort nostalgie waarin ons die verlede – en die mense van die verlede – idealiseer of uiters selektief onthou.

Dit bied die versoeking om die verlede te gebruik as 'n wegkruipplek van die geleenthede en uitdagings van die hede.

Aan die ander kant kan ons ook die toekoms romantiseer deur 'n te rosige en onrealistiese beskouing van vooruitgang te huldig. Ons sien ons toekomstige self of "die kinders van môre" dan maklik as onaangeraak deur die probleme en beperkings van die hede.

Daarteenoor behels Smith se pleidooi om te onthou dat ons ín die tyd leef (*memento tempori*), dat ons die tyd waarin ons onsself bevind as óns tyd toeëien.

Dit geld nie net die spesifieke dag en datum op die kalender nie, maar eweneens die seisoene van die lewe.

Dit is dan ook ons huidige self – en nie ons jonger of ouer self nie – wat die nóú as 'n gawe in ontvangs kan neem.

Miskien is hierdie aksent juis in ons dag – wat vir baie voel na 'n tyd wat uit lit is – 'n tydige herinnering om ons verbondenheid met en verbintenis tot óns tyd te bevestig en te vier.

Sekerlik sou ons kon uitwys dat ons in 'n ontaarde tyd leef en dat daar heelwat goeie redes is om dit eerder te wil ontvlug. Maar ook hierdie hede is heilig.

Of, in die woorde van die Amerikaanse skrywer Annie Dillard in haar *For the Time Being* (wat as een van die motto's tot Smith se boek dien): "The absolute is available to everyone in every age.

"There never was a more holy age than ours, and never a less."

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-ons-moenie-in-nowhen-vir-hede-wegkruip-20221015

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877